**Woensdag 2 April**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:4-25**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:17-19 (AFR2020)**
**Jubel in die HERE deur te doen wat goed en reg is in sy oë**

Die HERE wat self goed en reg is, vereis van ons om te doen wat goed en reg is. Wat is goed en reg? Dit wat goed en reg is in die oë van die HERE.

Hoe weet ons wat goed en reg is die oë van die HERE? Deur die gebooie van die HERE, sy bepalings en vaste voorskrifte te ken. Hoe kan ons dit ken? Deur die Woord van die HERE te ken en te bestudeer.

Dit begin in die ouerhuis waar ouers hulle kinders van kleins af leer dat die HERE ons God is en dat ons Hom met hart en siel en met al ons krag moet liefhê. Dit behels dat ouers hulle kinders die Bybel leer, sodat hulle kan weet Wie God is, wie hulle is en wat die HERE ons God van ons vra om te doen.

Ons moet nie net weet wat goed en reg is in die oë van die HERE nie, ons moet dit doen ook. Dit is nie net Wie die Here is, wat Hy doen en wat Hy sê, wat ons bly maak nie. Dit is ook wat Hy van ons vereis, wat ons bly maak. Hoe so? Want dit wat Hy van ons vereis, is die dinge wat tot ons voordeel is. Dit is wat ons ’n geseënde lewe laat lei.

Die goeie nuus van die evangelie is dat God weer seën gebring het vir die wêreld, deurdat sy Seun, ons Here Jesus Christus, ten volle gehoorsaam was. Deur die geloof het jy deel gekry aan hierdie seën. Hoe meer jy doen wat goed en reg is in die oë van die HERE, hoe meer sal jy hierdie seën ervaar. Jubel daarin om te doen wat goed en reg is in die oë van die HERE.

*Sing: Psalm 119-1:6*

*Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)*